






Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# PRESIDENT M. W. PRETORIUS

(17 September 1819 – 18 Mei 1901)

MARTHINUS WESSEL PRETORIUS, eersteling van die Voortrekkerleier Andries Pretorius en Christina de Wit, is gebore op Pretoriuskloof naby Graaff-Reinet. Hy neem deel aan die Slag van Bloedrivier, en trou in 1841 met Aletta Smit, weduwee van F. A. Smit. In 1848 trek hy na Transvaal en volg sy vader in 1853 op as Kommandant-generaal.

M. W. Pretorius het hom sterk beywer vir 'n verenigde Republikeinse staat noord van die Oranjerivier met 'n seehawe aan die ooskus en hy probeer derhalwe om die Transvaal en die Vrystaat te verenig, die regionaalpolitieke groepe binne die Transvaal, (Potchefstroom, Zoutpansberg, Utrecht en Lydenburg) tot eenheid te bring onder 'n behoorlike konstitusie; sentrale regering en geskeide wetgewende, uitvoerende en geregtelike gesag. In die uitvoering van hierdie ideale tree hy egter ontaktvol, oorhaastig en onkonstitusionel op en bring daardeur chaos en verdeeldheid in die Republikeinse Noorde.

In 1857 word hy tot die eerste Transvaalse President onder die nuwe grondwet verkies, maar op onkonstitusionele wyse waarop Lydenburg en Zoutpansberg hulle tot *de facto* selfstandige Republikeinse gemeenskappe omvorm het. Toe hy die Vrystaat in 1857 opgeëis het, het dit byna tot oorlog met die susterstaat gelei, waarin Zoutpansberg en Lydenburg hulle ten gunste van die Vrystaat verklaar het, met wie se hulp hulle gehoop het om die gesag van Pretorius omver te werp. Na die totstandkoming van die Vaalriviertraktaat waardeur die selfstandigheid van die Vrystaat erken is, het Pretorius versoenend opgetree en in 1858 en in 1860 kom eenheid tot stand in die Transvaal deurdat Zoutpansberg en Lydenburg-Utrecht die grondwet aanvaar het.

In 1858 verleen hy hulp aan die Vrystaat teen die Basoeto's onder voorwaarde dat vereniging met die Transvaal plaasvind, maar toe dit lyk asof dit sou deurgaan, het sir George Grey dit verhinder met sy verklaring dat die twee Konvensies sou verval indien vereniging plaasvind. Dit het die Transvalers afsydig daarteen gemaak, maar in 1859 kies die Vrystaat Pretorius tot hul President, 'n amp wat hy aanvaar. Dit lei egter nie na vereniging, soos hy gehoop het nie, maar tot sy bedanking wat 'n burgeroorlog in die Transvaal in sy sleep gebring het. Pretorius het die betrekkinge met die Basoeto's probeer verbeter, invoerregte (sonder sukses) van die Kolonie probeer loskry en voortdurend probeer bemiddel tussen die Tranvaalse burgertwiste ten einde die konstitusionele verwarring te beëindig. Sy presidentskap van die Vrystaat was nie 'n sukses nie en hy bedank in 1863. In 1864 word hy weer tot President van die Transvaal verkies waardeur die volkstwiste beëindig word.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

As President probeer Pretorius om nuwe wettte in te voer, maar ondervind onwilligheid van die burgers. In 1865 verleen hy hulp aan die Vrystaat teen die Basoeto's in die Tweede Basoeto-oorlog en beveg in 1867-69 die opstandige Bantoestamme in Noord-Transvaal. Schoemansdal is in 1867 prysgegee en eers in 1869 is die vrede met behulp van die Swazi's herstel. Hy het sonder sukses probeer om 'n seehawe vir sy Republiek te kry. In 1868 het hy die grense na die weste en ooste uitgebrei (om die Tati-goudmyne en die see suid van Lourenço Marques in te sluit), maar die proklamasie is deur die Britse regering verbied. Hy aanvaar die arbitrasie van Keate in 1870 wat die Kliprivier as grens tussen die twee Republieke aanwys. Die Republiek ervaar al meer aanvalle van goewerneur Barkly en die Britse pers en word van slawerny en mishandeling van die inboorlinge beskuldig. Pretorius oorweeg 'n sending na Europa om die waarheid mee te deel, maar hiervan kom niks.

Met die ontdekking van diamante op Transvaalse bodem (Vaal-Hartsdriehoek) hanteer hy die Transvaalse belange op so 'n onbeholpe wyse, dat Keate, wie hy as arbiter oor die benede-loop van die Vaalrivier aanvaar het, groot dele van die Republiek aan die nie-blankes toewys. Daardeur verloor die Transvaal sy diamantvelde en word Pretorius deur die Volksraad verplig om in November 1871 te bedank.

Gedurende die jare 1877-1881 het M. W. Pretorius weer na vore getree en lid van die Driemanskap geword. Daarna verdwyn hy van die toneel as politieke figuur. Op 18 Mei 1901 is hy op Potchefstroom oorlede waar 'n grafmonument vir hom op 4 Oktober 1913 onthul is. Voor die Pretoriase stadshuis is 'n standbeeld van hom opgerig.

— F. A. VAN JAARSVELD.

# *PRESIDENT W. C. JANSE VAN RENSEBURG*

(16 Mei 1818 – 13 Augustus 1865)

DIE ouers van Willem Cornelis Janse van Renseburg was Hendrik, gedoop 4 November 1759, en Martha Magdalena Scheepers, weduwee van Gerhardus Oosthuizen met wie hy op 2 September 1804 hertroud is toe hy Veldkommandant van Uitenhage was.

Hendrik was 'n bekwame en invloedryke leiersfiguur, iemand met



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Sover bekend, bestaan daar geen foto of voorstelling van pres. Van Renseburg nie. Sy seun, L. W. C. Janse van Rensburg (foto langsaan) het sy vader beskryf **„as 'n besonder rysige gestalte wat volgens die familielede wat hom geken het, en ander, veel ooreenkoms had met homself. Hy is 6 voet 6 duim; sy vader was 6 voet 3 duim lank."**

Preller, Gustav S.: Voortrekkermense, IV, bl. 160/1.



„verstand en veel ambitie", wat oor 'n lang tydperk 'n aktiewe en leidende rol op die oosgrens gespeel en in Januarie 1806 ook aan die Slag van Bloubergstrand deelgeneem het. Uit sy tweede huwelik met die niggie van sy eerste vrou, is ses kinders gebore waarvan die tweede jongste, Willem Cornelis, gebore op 16 Mei 1818, op 2 Februarie 1819 deur ds. Taylor van Beaufort-Wes gedoop is. Sy testament is op 21 September 1828 op „Brakkefontein", distrik Somerset-Oos, opgestel alwaar hy voor 14 November 1828 oorlede is. In 1790 het die gesin op „Hoekoe" en in 1803 op „Van Stadensdam" gewoon.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Volgens die testament sou „Brakkefontein" na die langslewende gaan en na dié se afsterwe sou Lucas, 'n seun uit Hendrik se eerste huwelik, die woonplaas vir 1,000 riksdaalders kry op voorwaarde dat hy vir die vier onmondige kinders, gebore tussen 1810 en 1821, sou sorg. Aangesien Lucas aan die Groot Trek deelgeneem het, is dit waarskynlik dat die onmondige Willem in geselskap van sy ouer broer en voog getrek het.

Sover bekend het drie Van Rensburg-gesinne in 1836 in die Colesberg-distrik by die Potgieter-trek aangesluit en waarskynlik in Desember 1837 saam met die Maritz-trek Natal binnegetrek. Op 17 Februarie 1838 het hulle uit hul aparte laertjie gevlug en as vasgekeerdes op Rensburgkoppie, onder aanvoering van kommandant Hans van Rensburg en met die tussenkoms van Marthinus Oosthuizen, die moorde langs die Boesmansrivier oorlewe.

In 1840 woon Willem met sy gesin in die Potchefstroomse omgewing, verhuis in 1845 saam met hoofkommandant Potgieter na Andries-Ohrigstad, keer in 1848 terug na die Potchefstroom-distrik, trek vir meer as vyftien maande heen en weer sonder vaste tuiste en vestig hom uiteindelik vroeg in 1850 op Kafferskraal Nr. 915, geleë aan die Sterkstroom en aan die transportpad tussen die latere Rustenburg en Pretoria.

Willem is in 1838 getroud met Elizabeth Maria Jacoba du Plessis, gebore op 31 Oktober 1819. Die egpaar het twaalf kinders gehad waarvan die oudste op 19 Februarie 1839 gebore is en net vyf seuns en een dogter die volwasse leeftyd bereik het.

Na Willem se dood op 13 Augustus 1865 is sy weduwee met die heer Breet hertroud. Sy is op 6 Augustus 1895 oorlede en lê langs haar eerste man op Kafferskraal begrawe.

Van Renseburg, 'n rysige gestalte van ses voet drie duim, is in 1850 op 32-jarige leeftyd verkies tot Volksraadslid vir die wyk van veldkornet Louis van Wyk. In Maart 1853 is hy vir 'n tweede termyn gekies. Met die verkleining van die Volksraad tot twaalf lede, drie vir elke distrik, is hy weer gekies en wel as 'n lid vir die nuwe Rustenburg-distrik. Op sy eie versoek het hy in Junie 1855 sy ontslag as Volksraadslid gekry.

As amplose burger spits hy hom daarna toe op sy boerdery en hou hom verder ook besig met togry. In 1857 word hy deur kommandant-generaal Stephanus Schoeman as Provisionele Kommandant aangestel en begin intussen ook weer aan ander openbare sake aandag gee.

In Februarie 1858 word hy vir enkele dae weer as Volksraadslid ingesweer en vanaf 18 Februarie word hy Lid van die Uitvoerende Raad. Daarna is hy op een stadium deur Schoeman as Assistent Kommandant-generaal aangestel.

Hy het 'n aandeel gehad in die verenigingsooreenkoms tussen die Republiek Lydenburg en die Zuid-Afrikaansche Republiek in 1859. Hy was 'n lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk, maar het simpatiek gestaan teenoor die pasgestigte Gereformeerde Kerk se opdraende stryd om erkenning. Teenoor M. W. Pretorius se pogings om die Oranje-Vrystaat en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die Zuid-Afrikaansche Republiek te verenig, het hy egter afsydig gestaan.

In die afwesigheid van Pretorius, na sy aanvaarding van die presidentskap van die Oranje-Vrystaat, het Van Renseburg op die voorgrond getree in opposisie teen Schoeman en sy volgelinge en met behulp van kommandant Paul Kruger het hy 'n stabiliserende en koersvaste rol in die politieke chaos van die burgerstryd gespeel.

In November 1860 het J. H. Grobler as Waarnemende President bedank nadat hy vanaf Februarie dié pos beklee het en van toe af het Schoeman as President begin waarneem. Terselfdertyd het hy as Kommandant-generaal bedank en vir Van Renseburg as Waarnemende Kommandant-generaal benoem.

In 1861 is Van Renseburg nie vir 'n verdere termyn as Uitvoerende Raadslid deur Schoeman aangestel nie. Schoeman is op 2 April van dieselfde jaar deur die nuutverkose Volksraad as Waarnemende President ingesweer. Tot in November 1862 was daar voortdurend woelinge en onrus in die Republiek en is Van Renseburg op een stadium deur die Schoemangesindes uit Pretoria verjaag.

Na die Vredesluiting in November 1862, is Van Renseburg in April 1863 met meerderheid van stemme tot President verkies maar hy wou om verskillende redes die presidentskap nie aanvaar nie. Hy is deur die Volksraad vir die „schoone handeling" geloof, het daarna nog tydelik as President waargeneem en in 'n nuwe verkiesing wat vir Oktober 1863 uitgeskryf is, het hy weer 'n keer die meerderheid van stemme gekry en is hy op 23 Oktober as President ingesweer.

In November 1863 het daar ongelukkig weer 'n uitbarsting in Potchefstroom gekom toe Schoeman, M. W. Pretorius, Hans Steyn en hulle volgelinge gewapend aan die Vaalrivier bymekaargekom en Schoemangesindes kort daarna Van Renseburg weer 'n keer uit Pretoria verjaag het. Na gevegte in Potchefstroom het die finale kragmeting op 8 Januarie 1864 tussen die Volksleër onder aanvoering van kommandant Jan Viljoen van Marico en die Staatsleër onder aanvoering van kommandant-generaal Paul Kruger en president Van Renseburg op Swartkoppies aan die Krokodilrivier naby die teenswoordige dorp Brits plaasgevind. Daar het die Volksleër die neerlaag gely en in die rigting van Silkaatsnek op die vlug geslaan. Vredesonderhandelinge het vanaf 9 tot 14 Januarie onder 'n groot kareeboom in daardie buurt gevolg en daar is ooreengekom dat Van Renseburg aan bewind sou bly tot met 'n nuwe, deeglik-gereelde, presidentsverkiesing in Maart. Pretorius is toe met 'n meerderheid van stemme verkies en op 9 Mei as President ingesweer.

As 'n sieklike man, en moontlik ook teleurgesteld in die gang van sake, het Van Renseburg hom op Kafferskraal gaan vestig waar hy in 1865 op 47-jarige ouderdom oorlede is. Nakomelinge van president Van Renseburg en sy broers woon vandag nog op die ou familieplaas en op ander plase in die omgewing.

— H. M. REX.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services







Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# *PRESIDENT* T. F. BURGERS

(15 April 1834 – 9 Desember 1881)

THOMAS FRANCOIS BURGERS was die jongste seun uit die derde huwelik van Barend Jacobus Burger, 'n Graaff-Reinetse veeboer, met Elizabeth Magdalena Theron. In die skool op Graaff-Reinet word die jong, intelligente boerseun byna verengels deur goewerneur Somerset se Skotse onderwysers, maar hy herwin enigermate sy ewewig in Utrecht, Nederland, waar hy van 1853-1858 teologie bestudeer. Hy ontwikkel as student 'n sterk kritiese sin en bou vir hom 'n eie denke op waarvan hy moeilik sou afsien en wat hom in botsing met andere sou bring. Terug in sy vaderland bedien hy en sy Skotse vrou, Mary Bryson, die N.G. Gemeente Hanover. Hier raak Burgers in 'n hewige kerkstryd betrokke, word hy deur die Kaapse Sinode geskors en beroep hy hom op die Hooggeregshof, wat in sy guns beslis.

Op aanbeveling van president Brand (Vrystaat) word Burgers tot President van die Zuid-Afrikaansche Republiek verkies en op 1 Julie 1871 lê hy die ampseed af. Op hierdie tydstip was die Zuid-Afrikaansche Republiek in alle opsigte in 'n swak en agterlike toestand. Burgers lê hom dus as Staatshoof daarop toe om die administrasie op te knap deur Hollandse amptenare in te voer; die staatsfinansies te verbeter; die Keate-uitspraak, waardeur die Republiek diamantdraende grond verloor het, ongedaan te maak; die onderwys op 'n gesonde grondslag te plaas; en die minerale rykdom te ontwikkel, waarvoor hy 'n spoorweg na Delagoabaai onontbeerlik ag.

Met so 'n progressiewe plan het Burgers gehoop om van die Zuid-Afrikaansche Republiek 'n sterk en vooruitstrewende staat te maak. Weliswaar doen hy goeie en blywende werk, maar hy misluk ook in menige opsig. Sommige hervormings was onnodig en het slegs gedien om die burgers om te krap — sy plan om die vlag en wapen te wysig is 'n voorbeeld hiervan. Met ander van sy drastiese en haastige hervormings was hy sy tyd ver vooruit — die spoorwegplan byvoorbeeld. Burgers was te idealisties vir die tyd waarin hy geleef het. Hy het nie met die werklikheid rekening



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gehou nie en het die konserwatiewe uitkyk van die Transvalers misken. Baie van sy ideale, onder ander van 'n verenigde Suid-Afrika, is eers na sy leeftyd verwesenlik.

Tog was Burgers nie vir al die mislukkings aanspreeklik nie. Dikwels het die Transvaalse burgers en selfs die Volksraad onnodige teenkanting gebied. Daar was ook omstandighede buite sy beheer, soos die Sekoekoeni-opstand en die daaropvolgende Britse inmenging. Op 12 April 1877 hys Theophilus Shepstone die Britse vlag in Pretoria en word Burgers se presidentskap beëindig. In hoeverre Burgers wetend of onwetend in Shepstone se hand gespeel het, is 'n vraag wat nog nie afdoende beantwoord is nie.

Na die anneksasie het Burgers gebroke en siek — hy het reeds lank probleme met sy milt ondervind — sy laaste lewensjare eers in Kaapstad en daarna op plase in die distrikte Hanover en Richmond deurgebring. Op 26 November 1895 het die Transvaalse regering sy oorskot in die Ou Kerkhof, Pretoria, herbegrawe. 'n Standbeeld van Burgers is in Burgerspark (na hom vernoem), Pretoria, opgerig.

— Dr. M C. VAN ZYL.

# *PRESIDENT S. J. P. KRUGER*

(10 Oktober 1825 – 14 Julie 1904)

STEPHANUS JOHANNES PAULUS KRUGER, derde kind van die trekboer Casper Kruger en Elsie Steyn, het die eerste lewenslig op die plaas Bulhoek in die Kaapkolonie op 10 Oktober 1825 aanskou. Dié datum sowel as plek word egter deur wyle professor C. J. Uys betwis. Weens die oorlye van sy moeder toe hy maar agt jaar oud was, is die jong Paul, wat as kind van die veld en, soos hy later self opgemerk het, veewagter opgegroei het, hoofsaaklik deur sy vader opgevoed. Tyd of geleentheid vir skoolgaan was daar nie (sy enigste skoolonderrig het drie maande geduur!), maar hy het 'n helder verstand gehad. Sy enigste leerboek was die Bybel en sy intieme kennis van die Skrif het hom dwarsdeur sy lewe bygebly.

In 1835 het die Krugers die Kaapkolonie verlaat en by die trekgeselskap van Hendrik Potgieter aangesluit. Met die Slag van Vegkop op



Digitised by the University of Pretoria, Library Services